higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LANDBOUBESIGHEID
NKR VLAK 2

(1011032)

28 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 1 addendum.

404Q1N2328

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
LANDBOUBESIGHEID
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik die aangehegde ADDENDUM om VRAAG 3.1 te beantwoord.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Agritoerisme het ten doel om besoekers se belangstelling in plaasbedrywighede te prikkel.

1.1.2 Kapitaal sluit in al die masjinerie, geboue en gereedskap wat in die produksieproses gebruik word.

1.1.3 Degradasie is 'n stel werktuie, sowel hardeware as sagteware, wat boere help om beter te dink en op te tree.

1.1.4 Mediumtermynkapitaal kan vir 'n tydperk van tien jaar in plaasproduksie gebruik word.

1.1.5 'n Verbruiker is 'n individu wat goedere en dienste koop en gebruik.

1.1.6 Risiko is die moontlikheid of waarskynlikheid dat 'n boer wins op sy/haar boerdery kan maak.

1.1.7 Koste sluit alle verkope, ontvangste en winste in wat in die kasboek opgeteken word.

1.1.8 Risikobeoordeling by berging word gebruik om beweging van voorraad op te teken.

1.1.9 Horison is 'n groep onderling verwante, verbandhoudende of onafhanklike elemente van die boerderyonderneming in die geheel.

1.1.10 Ontvangste is inkomste wat deur boerderybedrywighede gegenereer word.

(10 × 1)

1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Veiligheidsteken wat aandui dat 'n handeling of aktiwiteit nie toegelaat word nie.

A Waarskuwing
B Gevaar
C Stopverbod
D Verpligtend

Kopiereg voorbehou

1.2.2 Die klein hoeveelheid kontant wat ’n onderneming vir kleiner uitgawes aanhou.

A Kleinkas
B Wins
C Vraag
D Aanbod

1.2.3 ’n Plek waar kopers en verkopers ontmoet om goedere en dienste uit te ruil.

A Bemarking
B Uitgawe
C Mark
D Voorwaarde

1.2.4 ... behels dat inkomste die uitgawes op die plaas oorskry.

A Wins
B Besteding
C Gevaar
D Vaste koste

1.2.5 ... is ’n boerderystelsel wat geheel en al op veeproduksie gebaseer is, met min of geen integrasie met gewasse nie.

A Weidingboerdery
B Omgewingsboerdery
C Degradasie
D Gemengde boerdery

1.2.6 ... is ’n finansiële staat wat wys of ’n onderneming geld gemaak of ’n verlies gely het.

A Eienaarsekwiteit
B Inkomstestaat
C Balansstaat
D Kontantvloeistaat

1.2.7 Die tipe hulpbron wat die plaasbestuurder benodig om toerusting en voorraad te koop en die plaas doeltreffend te bestuur, staan bekend as ...

A Grond
B Kapitaal
C Arbeid
D Entrepreneurskap

Kopiereg voorbehou

1.2.8 ... is die totale waarde van plaasbates minus plaaslaste.

A Eienaarsekwiteit
B Kapitaal
C Agent
D Inkomste

1.2.9 ... verwys na die dienste en fasiliteite wat benodig word om daaglikse aktiwiteite van die boerderyonderneming uit te voer.

A Reëls
B Infrastruktuur
C Palette
D Regulasies

1.2.10 Verklarings, riglyne en regulasies wat deur owerhede opgestel word.

A Geboue
B Aanbod
C Prysbepaling
D Reëls

(10 × 1) (10)

1.3 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–N) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Die studie van spesifieke eenhede waaruit ’n ekonomiese sektor bestaan. Dit konsentreer op die enkele eenheid of samevoeging van eenhede as gedeelte van ’n geheel.	A	vraag
		B	ekonomie
		C	vaste koste
1.3.2	Resultate van die kombinasie van insette	D	mikro-ekonomie
		E	vertikale diversifikasie
1.3.3	’n Ekonomiese stelsel waarvolgens die meeste verlangde produkte en dienste verskaf word deur private ondernemings en individue wat na wins streef	F	arbeid
		G	vryemark-ekonomie
		H	volledige begroting
1.3.4	’n Toestand waarvolgens die gemiddelde vlak van pryse in die ekonomie nie verander nie of stadig verander	I	strategiese bestuursbesluit
		J	prysstabiliteit
1.3.5	Die volgehoue of blywende toename in die pryse van goedere en dienste met verloop van tyd	K	kapitaal
		L	inflasie
1.3.6	Mensehulpbron wat gebruik word om goedere en dienste in die ekonomie te produseer	M	mark
		N	uitset
1.3.7	Getal braaihoenders wat potensiële kopers verlang		
1.3.8	Koste wat nie verander namate die omvang en hoeveelheid van die produksieproses verander nie, en aangegaan word selfs wanneer die produksieproses nie plaasvind nie		
1.3.9	’n Georganiseerde plek vir die uitruiling van goedere en dienste tussen kopers en verkopers binne ’n spesifieke geografiese gebied		
1.3.10	Die studie van hoe hulpbronne gebruik word om in mense se behoeftes en begeertes te voorsien		

(10 × 1) (10)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Weens ernstige droogte het mnr Malaka slegs 150 ton rys van sy 200 hektaar geoes. Die verkoopsprys per ton was R2 500. Gelukkig het hy 'n goeie jaar met sy 110 ooie beleef, wat aan hom 160 lammers in dieselfde finansiële jaar besorg het. Elke lam het 'n markprys van R600 behaal. Boonop het sy aartappels 40 ton van 3 hektaar gelewer. Die verkoopsprys per ton was R2 200.

Die onderstaande tabel gee bykomende inligting oor mnr Malaka se plaas.

VERANDERLIKE KOSTE	RYS	SKAPE	AARTAPPELS
Produksiekoste	R65 000	R12 500	R35 000
Oeskoste	R 20 000		R2 500
Verpakkingskoste	R25 000		R15 000
Vervoerkoste	R15 000	R7 000	R9 000
Bemarkingskoste	R2 500	R1 500	R2 000

2.1.1 Bereken die bruto inkomste van elke boerderyvertakking. (6)

2.1.2 Bereken die totale veranderlike koste van elke boerderyvertakking. (3)

2.1.3 Bereken die bruto marge van die plaas in die geheel. (3)

2.2 Krediet speel 'n belangrike rol in die finansiering van boere volgens hul finansiële behoeftes.

Noem SES finansiële instellings waar boere krediet kan bekom. (6)

2.3 Gestel die koste van 'n voertuig met 'n nuttige lewensduur van vyf jaar is R300 000 en die herwinningswaarde word op 10% van die kosprys beraam.

Gebruik die reguitlynmetode om die volgende te bereken:

2.3.1 Die jaarlikse depresiasie.

2.3.2 Die boekwaarde aan die einde van jaar vyf.

(2 × 6) (12)
[30]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer hier onder die lys bates op mnr Peu se plaas vir die finansiële jaar 2021/2022.

Gebruik die lys om die ADDENDUM (aangeheg) te voltooi.

Bates	Waarde (R)
Kontant voorhande	10 000
Teelvee	55 000
Debiteure	9 000
Lewensversekering	1 200
Produksie-insette	15 000
Sitrusprodukte	90 000
Toerusting	55 300
Korttermynbeleggings	8 000
Kontant in bank	63 650
Masjinerie	135 650
Kantoormeubels	110 550
Voertuig	95 500
Grond	200 000
Vaste verbeteringe	105 500
Verhandelbare sekuriteite	15 000

(19)

3.2 Definieer die term *gemengde boerdery*. (2)

3.3 Gee VIER voordele van die gemengdeboerdery-stelsel. (4)

3.4 Gee VYF moontlike plaaslike markte waar 'n boer sy/haar vars produkte kan verkoop. (5)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 60

AFDELING C

VRAAG 4

4.1 Boer Seema is 'n mielieprodusent wie se gewasse met mikotoksiene besmet is.

4.1.1 Stel enige DRIE moontlike oorsake van mikotoksiene voor. (3)

4.1.2 Noem enige VIER praktyke wat hy op sy plaas kan aanwend om die uitwerking van mikotoksiene op gewasopbrengs tot die minimum te beperk. (4)

4.2 Boer Malatji is ’n groenteboer wat ’n kontrak bekom het om BGM Supermark vir die hele 2021/2022- finansiële jaar van groente te voorsien.

4.2.1 Watter tipe bemarkingstelsel gebruik die boer? (1)

4.2.2 Noem enige TWEE voordele van die gebruikmaking van die bemarkingstelsel wat in VRAAG 4.2.1 genoem word. (4)

4.3 Definieer die term *markewewig*. (2)

4.4 Noem VYF faktore wat die aanbod van plaasprodukte kan beïnvloed. (5)

4.5 Noem VIER belangrike produksiebestuursbesluite wat boere dikwels noodgedwonge moet oorweeg. (4)

4.6 Die plaas Phooko verskaf die volgende opgawe aan die einde van Februarie 2021.

Besonderhede van koste	Bedrag (R)
Lisensie	50 000
Versekering	20 000
Onkruiddoders	8 000
Bemarkingskoste	5 000
Depresiasie van ’n trekker	9 000

Gebruik die bostaande inligting om die volgende vrae te beantwoord:

4.6.1 Dui aan of elk van die koste-items ’n vaste of veranderlike koste is. (5)

4.6.2 Wat is die totale koste vir die maand? (2)

[30]

VRAAG 5

5.1 Kleinkas word gebruik om klein betalings te doen.

5.1.1 Sit kortliks enige DRIE prosedures uiteen wat jy kan aanbeveel om ’n klein landboubesigheid se kleinkasfondse te beveilig. (3 × 2) (6)

5.1.2 Noem DRIE subkolomme aan die inkomstekant van die kleinkasjoernaal. (3)

5.1.3 Definieer die term *netto inkomste*. (2)

Kopiereg voorbehou

5.2 Verduidelik die belangrikheid van die veiligheidstekens wat hier onder gegee word:

5.2.1 Gevaartekens

5.2.2 Stopverbodtekens

5.2.3 Waarskuwingstekens

5.2.4 Verpligte tekens

(4 × 2) (8)

5.3 Noem TWEE basiese rekeningkundige metodes. (2)

5.4 Verduidelik die TWEE basiese rekeningkundige metodes wat in VRAAG 5.3 genoem word.

(2 × 2) (4)

5.5 Noem VYF voordele van gemeenskaplike bemarking. (5)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 60
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 3

3.1

Bedryfsbates	Waarde (R)	Mediumtermynbates	Waarde (R)	Vaste bates	Waarde (R)
Totale bedryfsbates		Totale mediumtermynbates		Totale vaste bates	
Totale bates					

(19)

Kopiereg voorbehou